

Verbruikerstudies

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Maralyn Burger, Elmarie Augustyn & Anneke du Plessis

GRAAD

12

KABV

3-in-1



THE
ANSWER
SERIES *Your Key to Exam Success*



Graad 12 **Verbruikerstudies** 3-in-1 KABV

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Hierdie Graad 12 Verbruikerstudies 3-in-1 studiegids is 'n betroubare, maklik-om-te-volg studiehulpmiddel vir elke leerder wat hierdie vak neem.

Dit bevat deeglik nagevorste notas, duidelike illustrasies, studiewenke, oefeninge en eksamenvraestelle.

Die kolpuntnotas, relevante diagramme en logiese uitleg dra by tot begrip en toeganklikheid van die kurrikuluminhoud.

Sleutelkenmerke:

- Omvattende notas en wenke
- Vrae en antwoorde per onderwerp
- Eksamenvraestel en -memo

Hierdie studiegids voorsien die totale pakket wat 'n leerder benodig om in hierdie vak uit te blink.

GRAAD

12

KABV

3-in-1

Verbruikerstudies

Maralyn Burger, Elmarie Augustyn & Anneke du Plessis

HIERDIE KLASTEKS & STUDIEGIDS SLUIT IN

- 1 Notas per Onderwerp
- 2 Vrae per Onderwerp
- 3 Gedetailleerde Antwoorde

Plus 'n model-eksamenvraestel en -memo

eBoek
beskikbaar



INHOUDSOPGAWE

Wat is Verbruikerstudies? i

Assessering in Graad 12..... i

ONDERWERP 1: ENTREPRENEURSKAP 1

Eenheid 1: Beweeg van 'n idee na die vervaardiging en bemaking van 'n produk..... 1

Eenheid 2: Keuse van produk vir kleinskaalproduksie4

Eenheid 3: Faktore wat doeltreffende produksie beïnvloed.....7

Eenheid 4: Vereistes vir gehalte produkte9

Eenheid 5: Ontwikkel 'n bemakingsplan volgens die 5P-bemarkingstrategie..... 13

Eenheid 6: Volhoubare winsgewendheid van 'n besigheid..... 17

Vrae20

ONDERWERP 2: KLEDING.....22

Eenheid 1: Mode.....22

Eenheid 2: Voorkoms in die werkplek.....27

Eenheid 3: Verbruikerskwessies aangaande kleding en tekstiele.....31

Vrae34

ONDERWERP 3: VOEDSEL EN VOEDING39

Eenheid 1: Voeding- en voedselverwante gesondheidstoestande40

Eenheid 2: Voedseloordraagbare siektes.....60

Eenheid 3: Voedselbymiddels68

Eenheid 4: Voedsetikettering74

Eenheid 5: Voedselverwante verbruikerskwessies.....77

Vrae83

ONDERWERP 4: BEHUISING EN INTERIEUR.....95

Eenheid 1: Verskillende opsies om behuising te bekom95

Eenheid 2: Finansiering verbonde aan huiskoop.....101

Eenheid 3: Aankoop van huishoudelike toestelle106

Vrae116

ONDERWERP 5: DIE VERBRUIKER.....127

Eenheid 1: Finansiële en kontraktuele aspekte waarvan verbruikers kennis moet neem127

Eenheid 2: Belasting, rentekoerse en inflasie135

Eenheid 3: Volhoubare verbruik van elektrisiteit.....140

Eenheid 4: Volhoubare verbruik van water145

Eenheid 5: Munisipale dienste147

Vrae148

Antwoorde

Onderwerp 1156

Onderwerp 2157

Onderwerp 3161

Onderwerp 4168

Onderwerp 5176

Eksamen vraestel & -memo

Eksamen vraestel.....183

Eksamenmemo189

Verantwoordelikhede van produsente en verbruikers

- Die klem word hier op die beginsel van die 3 R'e gelê, nl. 'Reduce' (Verminder), 'Reuse' (Hergebruik) en 'Recycle' (Herwin).
- Onderstaande tabel toon hoe produsente en verbruikers op 'n volhoubare manier kan produseer en verbruik:

	Produsente	Verbruikers
Verminder	- Gebruik natuurlike hulpbronne verstandig en beskerm energiebronne, water en grond. - Verminder die vrystelling van nywerheidsafval wat tot grond- en waterbesoedeling lei. - Verminder kantoorafval, bv. inkkassette en plastiek, en raak verstandig daarvan ontslae. - Verminder papiergebruik. - Verminder verpakking. - Verminder plastiekvervaardiging.	- Verminder onnodige aankope. - Verminder voedselvermorsing deur nie onnodig baie voedsel aan te koop nie. - Verminder energieverbruik deur energie-doeltreffende produkte te gebruik. - Koop produkte met minder verpakking. - Verminder afval deur stukkende items reg te maak en nie weg te gooi nie.
Hergebruik	- Koop herwinbare produkte. - Hergebruik oorblywende materiale en afval op 'n kreatiewe manier. 	- Hergebruik inkopiesakke, glasflesse, geskenkpapier en sakkies. - Gebruik wasbare borde en eetgerei en nie weggoibares nie. - Verander ou kleres sodat dit gedra kan word. - Skenk ou kleres, boeke en speelgoed aan instansies wat dit weer kan gebruik. - Bespaar papier deur dit aan albei kante te gebruik. - Hergebruik koeverte deur die naam en adres met 'n skoon plakker te bedek.
Herwin	- Gebruik herwonne verpakking. - Koop produkte wat van herwonne materiaal gemaak is. - Sorteer en herwin afvalprodukte.	- Sorteer afvalprodukte, bv. papier, plastiek en glas, en plaas in geskikte herwinningshouers. - Ondersteun herwinningsprogramme by skole en munisipaliteite. - Kombuisafval kan as kompos herwin word.



OPBERGING EN AFLEWERINGSTRATEGIEË

- Grondstowwe, onvoltooide en voltooide produkte moet sodanig geberg word, dat dit nie beskadig kan raak en die besigheid geld kos nie.
- Voedselprodukte moet op die korrekte manier geberg en afgelewer word om die produkte se gehalte te behou en voedselbederf en -vermorsing te voorkom.

Maatreëls ten opsigte van opberging

- Berg voedselprodukte in 'n geskikte omgewing
 - bv. yskas, vrieskas of donker, koel kruidenierskas.
- Plaas produkte in houters of op rakke en etiketteer dit vir maklike identifikasie.
- Berg goedere wat die meeste gebruik word, naaste aan die deur.
- Gebruik 'n rekenaarprogram vir voorraadbeheer.
- Berg gevaarlike stowwe volgens die verskaffer se instruksies.

Maatreëls ten opsigte van aflewering

- Beskerm voedselprodukte teen kontaminasie
 - bedek dit met deksels of 'n ander geskikte bedekking.
- Bederfbare voedsel moet in geskikte koeltrokke of -houters vervoer word.
- Lewer warm en koue kos dadelik af
 - sodat dit in 'n kamer/kas met temperatuurbeheer geplaas kan word.
- Verpak produkte versigtig
 - sodat dit nie tydens aflewering beskadig nie.
- Hou by afleweringdatums en -tye soos ooreengekom.



Indirekte verkope

- ▶ Vir 'n vervaardiger wat nie finansieel sterk genoeg is nie of nie sy eie produk doeltreffend kan bemark nie, sal dit meer voordelig wees om die produkte aan 'n groothandelaar of kleinhandelaar ('n middelman) te verkoop, wat die skakel tussen die vervaardiger en die kliënt sal vorm.
- ▶ Die voordele daaraan verbonde om die produkte aan 'n groothandelaar te verkoop, sluit die volgende in:
 - verkope word verhoog aangesien groothandelaars groot hoeveelhede aankoop
 - sodra die groothandelaar die produkte gekoop het, dra hy die verantwoordelikheid daarvan; ook die risiko van enige skade wat gely word
 - die groothandelaar stel die produkte aan 'n groot aantal kleinhandelaars/winkels beskikbaar om dit te koop aan te bied
- ▶ Die nadeel is egter dat kostes hoër is omdat kleinhandelaars as 'n skakel tussen produsente en verbruikers optree.

PERSONE

- ▶ Dit sluit alle werknemers, betrokke by die vervaardigingsproses, bemarking en verkope, asook die teikenmark in.

Werknemers

- ▶ Die mees geskikte werknemer vir die pos moet aangestel word.
- ▶ Elke werknemer moet doeltreffend opgelei word vir die werk wat hy doen.
- ▶ Persone wat by bemarking betrokke is, moet:
 - ▶ die produk goed ken en verstaan
 - ▶ weet wat die besigheid se visie en missie is en dienooreenkomstig optree
 - ▶ oor goeie kommunikasievermoëns beskik
 - ▶ vertrouwd wees met, en die waarde besef van, die media en sosiale netwerkvorming in bemarking
 - ▶ seker maak dat kliënte tevrede met die produk/diens is

Teikenmark

- ▶ Dit is die groep persone wat bereid is om die produk/diens teen 'n realistiese prys wat die besigheid vra, te koop.
- ▶ Die bemarkingspersoneel moet genoeg navorsing doen sodat daar in die behoeftes van die teikenmark voorsien kan word.

EENHEID 6 VOLHOUBARE WINSGEWENDHEID VAN 'N BESIGHEID

- ▶ Die **volhoubare winsgewendheid** van 'n besigheid verwys na die vermoë daarvan om oor 'n lang tydperk produkte te produseer; alle uitgawes te betaal en daarna 'n wins te kan toon.



Wins is die beloning wat die eienaar van 'n besigheid vir sy geldelike belegging in die besigheid ontvang.

- ▶ Die besigheid moet dus:
 - ▶ oor 'n lang tydperk,
 - ▶ genoeg produkte kan vervaardig en verkoop,
 - ▶ sonder om die beskikbare geld uit te put,
 - ▶ en 'n wins maak.



Moontlike kenmerke van 'n besigheid wat volhoubaar winsgewend is:

- ▶ lewer 'n verskeidenheid produkte vir 'n wye mark
 - ▶ voeg gereeld nuwe produkte by reeds bestaande reekse
 - ▶ groot teikenmark - behoefte aan produkte
 - ▶ goeie rekord van finansies en voorraad word gehou
 - ▶ verkoop produkte met 'n lang raklewe.
- ▶ 'n **Uitvoerbaarheidstudie** is 'n ontleding en evaluering van 'n voorgestelde idee/projek om te bepaal of dit moontlik is om 'n sukses daarvan te maak.
 - ▶ Om die volhoubare winsgewendheid van 'n besigheid vas te stel, word 'n **finansiële uitvoerbaarheidstudie** gedoen.
 - ▶ Die **doel** van 'n finansiële uitvoerbaarheidstudie sluit die volgende in:
 - ▶ om die sterk en swak punte van 'n sakeplan of bestaande besigheid vas te stel deur die totale koste en moontlike inkomste in berekening te bring
 - ▶ om 'n duidelike prentjie te kry en 'n objektiewe besluit te maak oor die uitvoerbaarheid van 'n sakeplan of die moontlike sukses van 'n bestaande besigheid, sodat daar nie onnodige tyd en geld vermors word nie
 - ▶ om projeksies/vooruitskattings te maak en 'n sakeplan sodanig aan te pas dat die besigheid wel suksesvol kan voortgaan

Figuurtipes

- Kies klere wat jou figuurtype komplementeer.
- Beklemtoon jou bates en steek jou probleemareas deur die gebruik van donker kleure weg.
- Klassieke broeke met reguit pype pas die meeste figuurtypes.
- Driehoek/peervormige figuurtypes moet broeke en rompe dra wat na onder uitklok.
- Ovaal/appelvormige figuurtypes moet liefies nie rompe en broeke met plooië om die middel dra nie.

Persoonlikheid

- Kies style en kleure wat by jou persoonlikheid pas, maar bly binne die maatskappy se kleredragkode.

Waardes

- Kies klere wat by jou waardestelsel pas.
- Moenie klere dra wat aanstoot vir ander kan gee nie, bv. die dra van T-hemde met slagspreuke op of kledingstukke wat te ontblotend is.




Ontwerpelemente- en beginsels kan gebruik word om jou figuur op sy beste te laat vertoon.

Ontwerpelemente

Lyne

- Lyne kan gebruik word om optiese illusies te skep.
- Vertikale lyne kan 'n persoon langer en slanker laat vertoon.
- 'n Kort, gesette persoon kan van hierdie lyne gebruik maak om slanker te lyk.
- Horisontale lyne laat 'n persoon breër en korter vertoon.
- Lang, maer mense kan hierdie lyne gebruik om korter en breër te lyk/vertoon.
- V-nek lyne kan ook 'n persoon langer en maerder laat vertoon.
- Geronde lyne beklemtoon 'n liggaam se buitelyne. Dit lyk goed by skraal mense, maar die voller figuur moet versigtig wees om dit te dra.



Kleur

- Jou kleurskema moet gebaseer wees op kleure wat jou gelaatstrekke en jou velkleur komplementeer.
- Ligte kleure kan 'n figuur groter laat lyk.
- Skraal mense kan groter lyk in helder/ligte kleure.
- Swart/donker kleure het 'n verslankende effek deurdat dit die areas wat hul bedek kleiner laat vertoon.
- Oorgewig mense kan donker/dowwe kleure dra om sekere areas kleiner te laat vertoon.
- Helder kleure trek weer aandag en kan gebruik word om jou positiewe punte te beklemtoon en die aandag van probleemareas weg te lei.
- Kort mense kan langer vertoon deur een kleur van kop tot tone te dra.

Teksture

- Oorweeg glansmateriaal (blink/satynagtig) vir kledingstukke vir spesiale geleenthede om 'n meer formele voorkoms te verkry.
- Glansmateriaal kan egter jou figuur groter laat vertoon.
- Breistof is gemaklik en laat maklike beweging toe, maar kan maklik haak.

Ontwerpbeginsele

- **Nadruk** kan gebruik word om jou goeie areas te beklemtoon en jou probleemareas weg te steek. Kleurvolle bykomstighede kan 'n werksuiterusting ophelder.
- **Proporsie** het te doen met die vergelyking van groottes, vorms en die verdeling van ruimte. Die lengte van 'n kledingstuk moet in verhouding met die lengte van jou lyf wees. Neem ook die grootte van handsakke, hoede, gordels, sakke en knope in ag deur jouself af te vra of dit in verhouding met jou grootte en lengte is.
- As 'n uitrusting goed gebalanseerd is, word **harmonie** geskep. Klere moet gelyke visuele gewig aan beide kante van die vertikale middellyn dra. Die bo- en onderkant van die uitrusting moet ook gebalanseerd wees.
- **Ritme** kan in 'n kledingstuk geskep word deur middel van die herhaling van voorwerpe, kleure, vorms en teksture.



'n Kledingstuk het harmonie as al die ontwerpelemente en -beginsels korrek toegepas is. Kledingstukke, bykomstighede, haarstyle en grimering moet saam 'n gevoel van eenheid skep.

Voorkoming en bestuur

Dieet- en leefstylveranderinge is die eerste verdedigingslyn teen hoë cholesterol. Indien dit egter nie die gewenste resultate oplewer nie en die cholesterolvlak (veral die LDL-cholesterol) hoog bly, is medikasie waarskynlik nodig.

Dieetveranderinge

- ▶ **Behou 'n gesonde liggaamsgewig.**
- ▶ **Eet gesond** - volg 'n gebalanseerde dieet wat 'n verskeidenheid voedselsoorte insluit.
 - ▶ Beperk inname van versadigde vette (dierevette) - dit verhoog die totale cholesterol asook die LDL-cholesterol.
 - ▶ Eet liever onversadigde vette wat in olyf-, grondboon- en kanola-olie aangetref word. Amandels en okkerneute is ook ryk aan gesonde vette. Onversadigde vette verlaag cholesterol.
 - ▶ Vermyn transvette - dit verhoog LDL-cholesterol en verlaag ook HDL-cholesterol.
 - ▶ Beperk die inname van cholesterol tot minder as 300 mg per dag. Beperk die inname van orgaanvleis (bv. hart, lewer, niere), eiergele en volroom suiwelprodukte. Gebruik liever maer vleissnitte, eiersubstitute en afgeroomde melk. Beperk rooivleis tot drie maal per week.
 - ▶ Eet meer 'hart-gesonde' vis, bv. kabeljou en tuna wat minder totale vet, versadigde vet en cholesterol as rooivleis en pluimvee het. Salm, makriel en haring is ryk aan omega-3-vetsure, wat hartgesondheid bevorder en cholesterolvlakke verlaag. Probeer ten minste twee porsies per week inneem.

Onversadigde vette kan help om LDL-cholesterol te verlaag. Dit sluit vette van plantaardige oorsprong, bv. olyf-, grondboon-, sonneblom- en kanola-olie asook vette in vetterige vis, bv. salm, makriel, forel en haring sowel as avokadopere, neute en olywe in.

Versadigde vette verhoog bloedcholesterolvlakke. Hierdie vette is hoofsaaklik van dierlike oorsprong (bv. vet vleis, eiergele, botter) en word ook in klapper- en palmolie aangetref.

Transvette is uiters ongesond en verhoog LDL-cholesterol. Hierdie vette ontstaan deur chemiese veranderinge wat in olies plaasvind (hidrogenasie), bv. tydens diepbraai van aartappelskyfies en die maak van blokmargarien.

- ▶ Vervang volroom suiwelprodukte met lae vet suiwelprodukte.
- ▶ Eet volgraanprodukte, bv. volgraanbrood, -pasta en -meel, bruinrys en hawermout.
- ▶ Eet ten minste 5 porsies groente (veral donkergroen blaargroentes) en vrugte, wat ryk is aan vesel en bloedcholesterol verlaag.
- ▶ Neem meer peulgroente in - dit is laag in vet.
- ▶ Beperk die inname van sout aangesien dit hoë bloeddruk kan veroorsaak.
- ▶ Beperk inname van suiker.
- ▶ Neem meer oplosbare vesel in, soos verkry in appels, hawermout en peulgroente - dit is laag in vet en verlaag cholesterol.
- ▶ Gebruik gesonde gaarmaakmetodes, bv. kook, stoom en rooster, i.p.v. braai.
- ▶ Lees voedsel-etikette - wees op die uitkyk vir versteekte vette in muffins, koekies, kitskos, ens.

Die Suid-Afrikaanse Hart-en-Beroerte-Stigting gebruik hierdie embleem, nl. die Hartmerk, om as riglyn te dien waarvolgens verbruikers gesonde produkte onmiddellik op die rak kan identifiseer. Die Hartmerk dui aan dat die produk:

- ▶ laag in cholesterol is
- ▶ laag in versadigde vette is
- ▶ laag in natrium is
- ▶ laag in bykomende suiker is
- ▶ hoog in vesel is



Die Hartmerk

AANBEVEEL AS DEEL VAN
DIE HART-EN-BEROERTE-
STIGTING EETPLAN

Leefstylveranderinge

- ▶ Gebruik **alkohol in matige hoeveelhede**, d.w.s. nie meer as een drankie per dag vir vroue en twee per dag vir mans nie.
- ▶ **Doen gereeld oefening** - probeer ten minste 30 tot 60 minute per dag fisies aktief wees, wat stap, tuinwerk en trappe klim, insluit.
- ▶ **Moenie rook nie.**




- voedselbymiddels, nl. kleurmiddels, geurmiddels en preserveermiddels moet volgens spesifieke voorskrifte gelys word, bv.
 - kleurmiddels moet volgens hul E-nommers gelys word, bv. 'sunset yellow' as E110, maar alhoewel tartrasien E102 is, moet die naam gelys word, as gevolg van die allergiese reaksies wat dit tot gevolg kan hê
 - indien slegs 'n geurmiddel van 'n bestanddeel gebruik is, moet dit so aangedui word, bv. 'aarbeigegeurde'
 - indien mononatriumglutamaat (MNG of 'MSG') aanwesig is, moet die woord of afkorting aangedui word, met die woord 'geurversterker' daarna
 - preserveermiddels moet volgens hul chemiese naam gelys word, bv. natriumbensoaat
- bygevoegde water moet gelys word, behalwe in sekere gevalle, bv. wanneer dit minder as 5% van die finale produk uitmaak, of deel is van die soutwater waarin die produk geblik word
- algemene allergene wat ingesluit is, moet gelys word, bv. eiers, koeimelk, bokmelk, skulpvis, grondbone, ens.
- indien minder as 2% vitamieë en minerale aanwesig is, hoef dit nie gelys te word nie
- **Gebruiks- of voorbereidingsinstruksies**, bv. gaarmaakmetode
- **Bergingsinstruksies**
 - om die kwaliteit van die voedselproduk te verseker voor en nadat dit oopgemaak is
- **Netto/werklike inhoud**
 - in massa of volume of as porsiegroottes
- **Voedingsinligting** - indien dit verskaf word, moet dit aan die spesifikasies voldoen:
 - voorgeskrewe tabelformaat
 - gepaste eenhede, bv. energiewaarde in kilojoule
 - massa of volume van 'n enkelporsiegrootte
 - die totale hoeveelheid vette, proteïene, koolhidrate en vesel
 - verklaring van die hoeveelheid van die bestanddele (QUID = Quantitative Ingredient Declaration)
 - indien voedselprodukte met geïoniseerde bestraling behandel is, moet dit op 'n spesifieke manier aangedui word
- Die **embleem/logo** van 'n organisasie wat die voedselproduk endosseer, bv. Hartstigting of SABS
- **Verpligte waarskuwing** indien die inhoud onder druk is
 - om nie die houer te prik of verhit nie
- **Die naam en adres van die vervaardiger**
 - indien nodig ook dié van die invoerder, verspreider of verkoper
- **Datumstempels** in die dag-maand-jaarformaat
 - bv. verpakkings-/vervaardigingsdatum sodat die verbruiker kan sien hoe oud die produk is
 - beste-voor-datum wat aandui tot op watter datum die produk sy kwaliteit sal behou indien dit volgens die instruksies hanteer word
 - verkoop-teen-datum wat die laaste datum is waarop die produk te koop aangebied behoort te word, waarna dit dan nog 'n redelike tyd tuis geberg kan word
 - gebruik-teen-datum wat die laaste datum is waarop die produk te koop aangebied mag word en waarop dit gebruik behoort te word, bv. op bederfbare produkte soos melk, vleis en vis
- **Land van oorsprong**
 - indien nodig, die naam van die land(e) waarin dit verwerk of verpak is
- **Besending se identifikasienommer**
 - om opspoorbaarheid gedurende produksie, prosessering en verspreiding te verseker
- **Kliëntediensnommer of -hulplyn**
- **Staafkode of prys** van die produk
- Indien **voedingsaansprake** oor die inhoud van die produk gemaak word, moet dit volgens die regulasies in die Wet gedoen word,
 - bv. indien aangedui word dat dit 'n laeetprodukt is, moet dit minder as 3 g vet bevat

Die nuwe regulasies rakende voedselketting vereis dat as 'n aanspraak oor 'n voedselkomponent gemaak word, dit aan sekere voorwaardes moet voldoen. Hierdie aansprake en voorwaardes word in die tabel op bl. 76 getoon.



BOU

Voordele	Nadele
'n Ervare eienaarbouer kan 'n huis vir goedkoper bou as om een te koop.	Daar is altyd 'n risiko van foutiewe bouwerk en swak ontwerp.
Die huis kan ontwerp word om die eienaar se behoeftes en smaak te pas.	Dit kan meer kos as om 'n huis te koop.
Daar kan op die nuutste ontwerpe en tegnologie besluit word.	As bouwerk vertraag word (bv. a.g.v. slegte weersomstandighede), kan dit tot baie ongerief en spanning vir die eienaar lei.
Toebehore, verf, vloermateriaal ens. kan na eie smaak gekies word.	Bestuur en toesig oor subkontraakteurs kan 'n lastige, ingewikkelde en risikobelaaiende taak wees.
Die huis kan volgens die eienaar se eie tydsedule voltooi word, bv. as daar nie genoeg geld is nie, kan die eienaar eers met die bouery stop.	Die bouproses kan ingewikkeld en tydrowend wees, bv. om 'n lening of die regte bouer, ens. te kry.
Nuwe huise word gewoonlik gebou in areas wat uitbrei eerder as agteruitgaan. Dit vermeerder dus die latere verkoopwaarde van die huis.	Dit is duur om 'n nuwe tuin aan te lê.
	Jy is aanspreeklik vir eiendomsbelasting en diensgeld, bv. water, riool en dreineringsdienste moet aan die plaaslike owerheid (munisipaliteit) betaal word.

**KOOP VAN VOLTITEL-EIENDOM**

Voordele	Nadele
Die koper word die wettige eienaar van die hele eiendom wat die grond en gebou(e) insluit. Dit gaan gepaard met 'n gevoel van trots, veiligheid en onafhanklikheid.	Dit is aanvanklik duurder om te koop as om te huur. Verbandterugbetalings op eiendom is hoër as huurgeld.
Die eiendom kan as sekuriteit vir 'n banklening gebruik word.	Die eienaar is self verantwoordelik vir die veiligheid en sekuriteit van die huis.
Dit is 'n goeie belegging/bate, want die waarde van die eiendom kan mettertyd toeneem en tot welvaart lei.	Die eienaar is verantwoordelik vir instandhouding en herstelwerk.
As marktoestande gunstig, is kan die eiendom verkoop word en 'n goeie wins kan gemaak word.	Die eienaar is verantwoordelik vir die betaling van erfbelasting en diensgelde. Dit word aan die munisipaliteit betaal en dit dek instandhouding van paaie, straatligte, vullis- en rioolverwydering.
Eienaarskap van 'n eerste huis lei dikwels later tot die koop van 'n beter huis.	Dis 'n langtermyn finansiële verbintenis wat nagekom moet word deur sekere maandelikse betalings, bv. verbandterugbetalings, diensgelde en eiendomsbelasting.
Wins kan gemaak word deur die huis te verhuur.	Dit beperk beweeglikheid, omdat dit moeilik kan wees om die eiendom te verkoop as jy onverwags moet trek.
Die eiendom kan aan familieledede bemaak word.	Indien die woongebied agteruitgaan, kan dit 'n slegte belegging wees.
Dit is stiller en meer privaat as 'n deeltitel-eiendom omdat daar gewoonlik 'n private tuin is.	As die eiendom verkoop word, moet kapitaalwinstbelasting betaal word op die wins wat uit die verkope gemaak word.
	Strukturele veranderings kan buite aan geboue gemaak word, maar is onderworpe aan goedkeuring deur die plaaslike munisipaliteit.



Funksionaliteit van verskillende tipes wasmasjiene

OUTOMATIES		SEMI-OUTOMATIES
Bolaai	Voorlaai	Dubbelbalie
		
› Dit neem gewoonlik 'n lading tussen 7 en 13 kg (ideaal vir was van komberse en gordyne). › Dit gebruik meer water as 'n voorlaaiwasmasjien (150 - 200 l per wassiklus). › Dit voltooi 'n wassiklus baie vinniger as 'n voorlaaiwasmasjien. › Indien warm water gebruik word, gebruik dit meer elektrisiteit as die voorlaaiwasmasjien aangesien dit warm water vanaf die geiser gebruik.	› Dit neem gewoonlik 'n lading van ongeveer 5 - 7 kg op 'n slag. › Minder water word gebruik as by bolaiwasmasjiene (60 - 100 l per wassiklus), aangesien klere nie heeltemal met water bedek hoef te wees nie. › Die deur is aan voorkant; daarom kan dit onder 'n toonbank inpas. › Minder elektrisiteit word gebruik as by 'n bolaiwasmasjien, want koue water word gebruik en deur 'n element in die wasmasjien verhit.	› Dit neem gewoonlik 'n lading van ongeveer 3 kg op 'n slag. › Dit is groot masjiene en neem baie ruimte in beslag. › Dit is gewoonlik goedkoper as ander tipes. › Wastyd kan tot die minimum beperk word deurdat twee ladinge op 'n slag hanteer kan word. Soos een lading gewenteldroog word, kan 'n ander lading in die aangrensende wasbalie gewas word. › Vereis meer menslike energie want wasgoed moet met die hand uit die wasbalie gehaal en in die wentel-balie geplaas word.

Energieverbruik

Menslike energie

- › Kies die regte grootte wasmasjien wat by jou behoeftes sal pas. 'n Groot gesin sal, bv. 'n groter wasmasjien moet koop om menslike energie en tyd te spaar.
- › Kontroleknoppies moet maklik wees om te gebruik.
- › Pluisfilters wat maklik bereikbaar is en maklik skoongemaak kan word.

Nie-menslike energie

- › Koop wasmasjiene met verstelbare temperature om elektrisiteitsgebruik te beperk.
- › 'n Wasmasjien met 'n outomatiese koespoelsiklus bespaar elektrisiteit.
- › Kies 'n wasmasjien met 'n vinniger wentelspoed. Dit verwyder meer water na die was, wat droogmaakt tyd en energieverbruik van die tuimeldroër verminder.

Waterverbruik

Wasmasjiene is verantwoordelik vir ongeveer 22% van huishoudelike waterverbruik.



- › Voorlaaiwasmasjiene gebruik die minste water.
- › Bestudeer die etiket vir water- en energieverbruikgradering.
- › Oorweeg 'n wasmasjien wat die minste water per kilogram gebruik.
- › 'n Outomatiese verstellingsfunksie, wat watervlakke verstel, kan verseker dat net genoeg water gebruik word.

Potensiële omgewingsimpak

- › Bestudeer die etiket vir water- en energieverbruikgradering.
- › Vervaardigers kan aandui hoe daar van omgewingsvriendelike verpakking ontslae geraak kan word.

Tuimeldroërs

- › 'n Tuimeldroër is 'n toestel wat wasgoed deur middel van 'n draaiende drom en warm lug droogmaak.
- › Daar is hoofsaaklik twee tipes tuimeldroërs beskikbaar:
 - › Elektriese tuimeldroërs - met ingeboude verkoelers of 'n pyp wat klam lug wegvoer
 - › Gastuimeldroërs



- › Die volgende kriteria beïnvloed die keuse van 'n tuimeldroër:

Universele ontwerp en ander eienskappe

- › Kontroleknoppies moet maklik leesbaar en bruikbaar wees - aanraakkontroles ('touch screen') is ideaal.
- › Kinderslotte ('child lock').
- › Alarmwaarskuwing wat aandui wanneer die siklus voltooi is.

Finansiële verantwoordelikhede wanneer meubels en huishoudelike toestelle met verskillende transaksie-opsies gekoop word

Meubels en huishoudelike toestelle kan met twee tipes transaksies aangekoop word, nl. **kontant** of op **krediet**.

Kontanttransaksies	Krediettransaksies
As produkte kontant gekoop word, kan jy 'n kontantafslag/korting op die prys vra. Die volgende is voorbeelde van kontanttransaksies: ► Betaling met geld, tjek of debietkaart. ► Debietkaart - 'n onmiddellike elektroniese oordrag vanaf jou bankrekening na die winkel se rekening. ► Elektroniese fondsoordrag - geld word met behulp van die internet direk van jou bankrekening na die winkel se bankrekening oorbetal. 'n Bewys van betaling word gewoonlik deur die winkel vereis. ► KBA-aankope (kontant by aflewering) - wanneer groot artikels, bv. 'n yskas afgelewer word. Die volle kontantbedrag word betaal as die toestel in ontvangs geneem word. ► KMB-aankope (kontant met bestelling) - kontant word betaal sodra jy die bestelling plaas, bv. wanneer jy op 'n tydskrif sou inteken, word die volle bedrag betaal.	As jy 'n item wil koop wat meer kos as wat jy kan bekostig, kan jy 'n krediettransaksie met die handelaar aangaan. Rente op krediettransaksies is gewoonlik baie hoog omdat dit die volgende kostes insluit: administrasie-, versekering-, rente en bankkoste. ► Afbetalingsverkooptransaksies/ huurkooptransaksie Die verbruiker (koper) onderteken 'n skriftelike kontrak met die handelaar en betaal 'n deposito. Die item kan hierna huis toe geneem word. Die res van die balans van die koopprys word dan in maandelikse paaielemente oor 'n vasgestelde tydperk terugbetaal. Eienaarskap word slegs aan die koper oorgedra wanneer die finale paaielement betaal is. Tot dan 'huur' die koper eintlik net die goedere. Finansiële koste word bereken om die verkoper te betaal vir die krediet wat hy toegestaan het. ► Bêrekoop Die handelaar bêre die item in die winkel en die verbruiker betaal die koopprys in maandelikse paaielemente af. As die laaste paaielement/ volle koopprys terugbetaal is, kry die verbruiker die item. Daar is geen bykomende koste nie.

Kontanttransaksies



Krediettransaksies

► Kredietrekeningtransaksies (winkelkaart)

Dit is wanneer produkte op rekening gekoop word. Daar is elke maand 'n minimum bedrag wat terugbetaal moet word. Die goedere kan dadelik huis toe geneem word. Die verbruiker het 'n maandelikse limiet - 'n maksimum hoeveelheid om te spandeer.

Rente word nie gevra op rekeninge wat binne 30 dae na aankope ten volle betaal word nie. Die rentekoers op enige uitstaande saldo is egter gewoonlik taamlik hoog.

► Bankkredietkaarttransaksies

Wanneer goedere met 'n kredietkaart gekoop word. Die rente wat deur die bank op krediettransaksies gehef word, is baie hoog.

Winkels aanvaar kredietkaartbetalings as 'n vorm van kontant en geen ekstra koste word bygevoeg nie.

Kontraktuele verantwoordelikhede wanneer meubels en huishoudelike toestelle op krediet aangekoop word

- Wanneer jy op krediet koop, moet jy 'n **kontrak** met die kleinhandelaar onderteken.
- Die kontrak is 'n skriftelike ooreenkoms tussen die verbruiker en die handelaar.
- Die kontrak is 'n wetlike dokument wat deur beide partye nagekom moet word.

► Inhoud van 'n geskrewe kontrak:

- Die name en adresse van die verbruiker (koper) en die handelaar (verkoper).
- 'n Akkurate beskrywing van die artikel wat gekoop word.
- Die kontantprys en ander onkoste, soos finansieringskoste en versekering, wat by die totale prys van die item ingesluit is.
- Die deposito wat die koper moet betaal - die kredietooreenkoms word slegs wettig wanneer die deposito betaal is.
- Die bedrag van elke paaielement, insluitend die laaste betaling en datum van betaling.
- Die voorwaarde dat die verkoper eiendomsreg behou totdat die koper die volle prys van die artikel betaal het.

GRYSGOEDERE

- Grysgoedere is items wat 'n vervaardiger nie in 'n bepaalde land wil verkoop nie.
- Hierdie goedere word dan deur nie-amptelike verspreidingskanale na hierdie land ingevoer.

Grysgoedere staan ook bekend as **parallele invoere** of **skuil invoere**.



- Grysgoedere is egter nie onwettig nie, want daar word invoerbelasting daarop betaal.
- Dit word nie deur goedgekeurde besighede verkoop nie.
- Aangesien grysgoedere nie deur amptelike kanale ingevoer is nie, sal die oorspronklike vervaardiger nie die waarborg nakom as die goedere foutief is of breek nie.
- Dit kan selfs 'n groter probleem raak wanneer die verskaffer van grysgoedere ook weier om die waarborg na te kom.
- Sommige verkopers van grysgoedere sal aanbied om die goedere te herstel, maar die kwaliteit van die herstelwerk is dikwels twyfelagtig.
- Gewetenlose verkopers lig nie hul kopers vooraf in dat die goedere grys is nie; dit lei tot gefrustreerde verbruikers wanneer goedere breek.
- Verbruikers in Suid-Afrika word egter beskerm deur die *Wet op Verbruikersbeskerming*.
- Volgens hierdie wet:
 - › moet daar 'n kennisgewing, wat dit as sodanig identifiseer, op grysgoedere wees.
 - › het verbruikers die reg om foutiewe produkte na die verkoper terug te neem vir herstel, vervanging of terugbetaling.



Indien produkte aanlyn vanaf 'n ander land gekoop is, word die verbruiker nie deur hierdie wet beskerm nie.

SWENDELSTREKE/-SKEMAS

- 'n Swendelstreek is 'n valse en oneerlike besigheidstransaksie, wat dikwels aan georganiseerde misdaad verbind is.
- In baie gevalle bestaan die goedere of dienste glad nie.
- Swendelaars maak meestal van e-pos, telefoon, teksboodskappe (sms'e) of briewe gebruik om hul slagoffers met 'n aanbod 'wat te goed is om waar te wees', te nader.
- Met die koms van die internet, wat mense dwarsoor die wêreld met mekaar verbind, het aanlynswendelstreek dramaties toegeneem.
- Mense van alle agtergronde, ouderdomme en inkomstevlakke word geteiken.

Tipies swendelstreek waarvan verbruikers bewus moet wees

Internetverkope

- Swendelaars adverteer iets om te verkoop op die internet (bv. Gumtree of eBay) wat vals is of selfs nie bestaan nie, bv. fiktiewe toegangkaartjies vir 'n opkomende groot konsert.
- Die slagoffer betaal vir iets wat nie bestaan nie.

Kennisgewings dat 'n lotery of groot bedrae geld gewen is

- Die slagoffer glo dat hy/sy 'n groot bedrag geld gewen het en stuur sy/haar bankbesonderhede aan die swendelaar, wat dan toegang tot die persoon se bankrekening kry.
- Soms vereis die bedriëer 'n klein voorafbetaling van die slagoffer voordat die geld ontvang kan word. As die geld betaal is, word verdere koste dikwels opgemaak.



Uitvissing ('Phishing')

- 'n Persoon ontvang 'n e-pos van iemand wat maak asof hy/sy die persoon se bank of finansiële instelling (bv. ABSA of Standard Bank) is.
- Die e-pos vra dikwels dat die slagoffer moet aanteken en sy/haar persoonlike inligting aanlyn bevestig (verifieer).
- Die skakel ('link') in die e-pos lei na 'n vals webtuiste waar die persoon met sy/haar gebruikersnaam en wagwoord moet aanteken.
- Toegang tot bankbesonderhede word op dié manier verkry. Hierdie inligting kan ook vir identiteitsdiefstal gebruik word.

Vals bevestiging van betaling

- Die swendelaar stuur 'n vals EFO-betalingsbewys aan 'n persoon wat goedere verkoop of 'n diens lewer, waarvoor voorafbetaling verlang word.
- Die niksvermoedende slagoffer glo dit is 'n bevestiging van inbetaling van sy/haar bank en oorhandig die goedere/verrig die diens.

Reaksie op advertensie vir verblyf

- Die swendelaar reageer op 'n advertensie vir verblyf en betaal per tjek 'n groter deposito as wat verlang word.
- 'n Terugbetaling van die verskil word deur die swendelaar gevra.
- Nadat die slagoffer die geld 'terugbetaal' het, word ontdek dat die bank nie die tjek vir die 'groter deposito' gaan wissel nie.